# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

---

Omsendbrief 15 van 2022

12 Mei 2022

Geagte Ouers

1. **<u>DAGROOSTER: 16 – 20 MEI 2022</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 1 |
| Dinsdag | - | Dag 2 |
| Woensdag | - | Dag 3 |
| Donderdag | - | Dag 4 |
| Vrydag | - | Dag 5 |

2. **<u>MORGAN NISSAN MINI-SPORTDAG</u>**
Op Saterdag 14 Mei 2022 is dit Laerskool Lydenburg se mini-sportdag en ±700 leerlinge is betrokke. Spelers sal binnekort die nodige inligting ontvang. Hou ook die groepe dop. Heerlike verversings sal te koop wees - kom ondersteun ons asseblief. Toegang beloop R10 per volwassene en laerskoolleerlinge is gratis.

3. **<u>RUGBY EN NETBAL</u>**
Sterkte aan al ons spanne wat die volgende wedstryde speel:

| | | |
|---|---|---|
| 12 Mei (Donderdag - weg) | Rugby en Netbal - | Uplands |
| 24 Mei (Dinsdag - tuis) | Rugby en Netbal - | Nelspruit Primary |

4. **<u>TOETSREEKS</u>**
Die toetsreeks begin op 6 Junie 2022. Die rooster is reeds op groepe geplaas. Neem asseblief kennis van die datums en reëlings rondom die toersreeks.

5. **<u>ATKV REDENAARS</u>**
Baie sterkte aan die volgende leerlinge wat Vrydag, 20 Mei deelneem aan die ATKV semi-finale rondte te HTS Witbank, 20 Mei 2022:
J'cen Claasen, Barend Kilian, Danika Kilian, Bea vd Merwe en Tahlilah vd Merwe.

6. **<u>PA-EN SEUNAAND</u>**
Bogenoemde geleentheid sal op Vrydag, 27 Mei vanaf 17:30 op die A-veld plaasvind. Alle Pa's en seuns word uitgenooi na hierdie besondere dag. Bring jou eie vleis, eetgerei en drinkgoed saam. Die vure, pap en sous word voorsien. Pappas wat net dogters het is ook welkom, maar die dogters moet asseblief tuis bly.

Laerskoolgroete



**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**